**Wees geduldig en volhard tot die wederkoms van Jesus Christus**

**Lees: Jakobus 5: 7 – 11 + Job 42: 10 - 17 Teks: Jakobus 5: 7a**

Die lewe vandag word baie duidelik gekenmerk met mense wat ongeduldig is. As iets nie vinnig genoeg na jou sin gebeur nie, dan is jy onmiddellik kwaad. Ons sien dit as mense in 'n ry moet wag, of as mense agter ander ry in verkeer. Ons sien dit by boere wat wag vir die eerste reën, of as hulle wag dat die oeste droog genoeg is om te stroop. Ons sien dit by jongmense as hulle klaar moet maak met skool of terwyl jy moet wag vir jou punte na die eksamen.

In hierdie gedeelte handel dit oor die ongeduld met die wederkoms van Christus. Ons raak ook soos hierdie mense ongeduldig en wonder wanneer die wederkoms gaan plaasvind.

Vir hierdie mense gaan dit daaroor dat hulle swaarkry en vervolg word. Hulle het al menigmaal gehoor dat die wederkoms naby is, maar dit gebeur nie. Die tyd stap aan en hulle wonder wanneer hulle uit hulle moeilike omstandighede verlos gaan word.

Ons wonder ook te midde van die krag probleme en die ekonomie, en die korrupsie en die swaarkry wat ons ook in ons eie lewens beleef en ervaar.

Jakobus het al in sy brief tot nou toe hard gepraat met die lesers, maar nou kom hy en bemoedig hulle as daders van die Woord en roep hulle op om geduldig te wees. Wees geduldig totdat die Here kom.

Om sy punt te illustreer gebruik hy 'n voorbeeld wat vir almal van daardie tyd bekend was. Die voorbeeld van die boer wat geduldig moet wag vir die oes. Die reën moet eers klaar wees. So moet hulle ook geduldig wag (8).

Die ongeduld lei tot kla, en murmureer, en allerhande verkeerde dinge waarvan ons in hierdie brief lees. Maar die Regter voor die deur. Die oordeel van die Here sal binnekort plaasvind. Dit is tog Sy werk. Hy sal dit doen, maar eers wanneer die oes reg is en die reën klaar geval het. Daarom die geduld wat hulle moet toepas in hulle omstandighede.

Ons voel ook maar baie keer so. Ons wil hê dat daar 'n einde kom aan al hierdie dinge wat ons hier op aarde beleef en ervaar. Maar geduld moet toegepas word. Die profete van die Ou Testament het met dieselfde ongeduld gesukkel. Hulle het geweet dat die Messias sou kom. Maar hulle moes geduldig wag. Daar was 'n tydperk van 400 jaar tussen die Ou en Nuwe Testament voordat die beloofde Messias, Jesus Christus gekom het. Wat 'n uitkoms het Hy nie geskenk nie. Hy het Sy roeping as Verlosser vervul en sodoende het Hy hoop en vooruitsig gegee aan almal wat Hy geroep het om Sy kinders te wees.

Ons moet nou soos die profete van ouds ook geduldig wag, want die belofte is daar dat ons Here, Jesus Christus, gaan kom. Hy gaan ‘n einde maak aan al hierdie swaarkry en lyding wat ons i Eers dan ontvang ons die volle seën van die Here soos Hy beloof het. Hier word die voorbeeld van Job gebruik, waar ons lees in Job 42 na alles wat in die lewe van Job plaasgevind het. Die Here het hom dubbel geseën. Hy het hom weer kinders gegee en sodoende het die groot liefde en genade van God duidelik geword in die lewe van Job.

Maar hoe kan ons geduldig wees? Galsiërs 5: 22 lees ons van die vrug van die Gees. Onder andere kom die gedagte van geduld baie duidelik daarin na vore. Dit is juis die Gees wat ons in hierdie tyd van swaarkry en verdrukking vertroos met die wete dat ons Here kom. Dit is Hy wat aan ons die geduld skenk om te wag. Intussen is daar ‘n oes op die land. Daar moet nog gewerk word om sodoende te sorg dat die oes vol kan word en ons kan uitsien na die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

**Ds. Neville Boy**
**3 Maart 2019**